Kommandoleier: Jaco Havenga: 082 574 0306 Posbus 634
AKL Admin: Liana Thomas: 082 876 0201 Wierdapark
www.sytzewierda.co.za 0149

SYTZE WIERDA SPESIALISASIEDAG

(Gebiedsgoedgekeurde aktiwiteit: GGA014 en GGN04)

VRYDAG 16 MAART TOT SONDAG 18 MAART 2012

Beste Voortrekkers

Die Voortrekkers Sytze Wierda nooi jul hartlik uit na ons GGA Dag/Naweek te Sytze Wierda Sentrum, Wierdapark, op die naweek van 16-18 Maart 2012.

Die volgende Spesialisasies word aangebied:

Graad	Spesialisasie	Saambring	TYE	Koste
1	**Padveiligheid** **Maksimum 30 jeuglede**	Bordesak	Saterdag 7:00 – 14:00	**R75** (Meelopers: R 30)
2	**Veldkook** **Maksimum 40 jeuglede**	Bordesak, **Hoed en tekkies (NB)** Per span: toeklap rooster, braaitang en vatlappies	Saterdag 7:00 – 14:00	**R75** (Meelopers: R 30)
2	**Knope** **Maksimum 30 jeuglede**	Bordesak, **Hoed, sonroom, tekkies en water bottel**	Vrydag 17:30 – Saterdag 16:00	**R130** (Meelopers: R 60)
3	**Immigrante**	Bordesak Inkleurpotlode, Pen, Skêr Indien die lid weet van watter Immigrante groep hy/sy afstam, kan hy/sy die inligting saambring. (Hetsy ‘n stamregister of foto’s of enige ander inligting – Groepe: Nederlanders, Franse, Britte, Duitsers).		
3	**Volkspele**	Bordesak Lang denim vir seuns vir Saterdag en rok of romp vir dogters		
4	**Noodhulp**	Bordesak Pleisters en driehoekverband		
4	**Omgewingskennis** **Maksimum 40 jeuglede**	Bordesak, Huisadres (Straatnaam, nr en uitbreiding), pennesakkie inkleurpotlode, gom, skêr, A3 karton vir ‘n plakkaat	Vrydag 17:30 – Saterdag 16:00	**R190** (Meelopers: R100)
5	**Boeresport**	**Bordesak, Hoed, sonroom en TEKKIES (Dorings!!!!!!!!).** Elke kind gaan een boeresport item voorberei om vir die res van die groep aan te bied. Let wel: Die taak is ‘n individuele taak en **NIE** ‘n Kommando groep taak nie. (Gaan kyk na die vereistes). Alles wat nodig is om die item te kan aanbied moet saamgebring word na die Boeresport. Kinders moet ook onthou om belonings vir die wenspan /kind saam te bring. Karton, skêre, gom, kleurpotlode sal deur Tannie Alida beskikbaar gestel word. Dit is belangrik dat die kinders die reels van die betrokke speletjies sal ken.	Vrydag 17:30 – Saterdag 16:00	**R130** (Meelopers: R 60)
6 of 7	**Afrikanertradisies** **(Graad 6 spesialisasie)**	**Bordesak** Pennesakkie inkleurpotlode, gom,	Vrydag 17:30 –	

	SLEGS 20	skêr, appelboks**,** tradisionele klere Kamera (opsioneel)	Sondag 11:00	
7	**Godsdiens** **Maksimum 40 jeuglede**	**Bordesak** Klere uit die Bybel se tyd om aan te trek vir 'n tablo		**R190** (Meelopers: R100)
8 – 12	**Manne en Vroue van die Bybel** **Slegs 30 jeuglede**	**Bordesak** Jeuglede moet 'n werkstuk doen oor een persoon in 3.1 (seuns) Noag, Abraham, Josef, Dawid of Daniël 3.2 (meisies) Ester, Ragab, Rut of Maria die moeder van Jesus Vereistes onderaan bladsy.	Vrydag 17:30 – Saterdag 16:00	**R130** (Meelopers: R 60)
8 – 12	**Touwerk** **Slegs 21 jeuglede**	**Bordesak** Jeuglede moet reeds die basiese knope ken & kan maak.		
8 – 12	**Paraatheid** **Slegs 30 jeuglede**	'n Rugsak, gevul met wat jy dink nodig is…wees PARAAT!"		

Neem asseblief kennis:

- Alle jeuglede moet aktiewe drag dra vir die duur van die naweek.
- Oorslaap : bring ook saam – slaapsak, tandeborsel en tandepasta, almal slaap by die sentrum oor, maar daar is nie stortgeriewe beskikbaar nie.
- Afrikaner Tradisies en Godsdiens sal wel Saterdagaand kan stort.
- **Bevestig asb eers dat daar nog plek is, voordat u die inbetaling doen.**

REGISTRASIE: **Vind plaas vanaf 'n half uur voor die aanvang van die kursus.**
Vrydag van 17:30 tot 18:30 en
Saterdag van 07:00 tot 07:30.

VOLWASSENES: Voorsien asb. een volwassene vir elke spesialisasie waarvoor ingeskryf word. Volwassenes word versoek om met die orde te help asook hulp aan die jeuglede te verleen met opdragte wat hul moet voltooi. Die koste per meeloper word aangedui in hakies. Oorslaap spanne se meelopers moet ook oorslaap.

INSKRYWINGS: **Sytze Wierda se bankbesonderhede:**

Sytze Wierda Voortrekkerkommando
ABSA Wierdapark
Tjekrekening
Rek no : 326 015 0374
Tak no : 632 005

SLUITINGSDATUM: **9 Maart 2012 of as die maksimum aantal bereik is – wat ook al eerste kom.**
GEEN LAAT INSKRYWING SAL AANVAAR WORD NIE!
SLEGS INSKRYWINGS WAT NA admin@sytzewierda.co.za gestuur word sal aanvaar word.

NAVRAE: Maretha van der Linde 084 032 2626,
Liana Thomas 082 876 0201 admin@sytzewierda.co.za

Ons sien uit daarna om u by ons te ontvang.

Vriendelike groete
Jaco Havenga
Kommandoleier: Sytze Wierda

Manne en Vroue van die Bybel – Werkstuk vereistes:
Die werkstukke moet elkeen vier rekenaargetikte A4 bladsye wees en uit die volgende bestaan: (Lettertipe Arial 11 met 1.5 lynspasieëring)

Inleiding: Algehele opsomming en indrukke oor die persoon.
Liggaam: 'n Kort geskiedenis van die persoon se lewe. Beskryf kortliks die persoon se verhouding met die Here. Wat het hom/haar gedryf om te doen wat hy/sy gedoen het. Wat is die persoon se bydrae tot die Koninkryk van God/sy volk/sy land.
Slot: Verduidelik met watter kenmerke in die persoon se lewe, of eienskappe van die persoon, jy kan identifiseer.